**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 23 September 2015)*

# ACT

**To amend the Refugees Act, 1998, so as to confer a discretion upon the Refugee Appeals Authority to allow the public and the media access to its proceedings in appropriate cases; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 21 of Act 130 of 1998, as amended by section 13 of Act 33 of 2008**

**1.** Section 21 of the Refugees Act, 1998 (Act No. 130 of 1998), (hereinafter referred to as ''the principal Act''), is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

''(5) The confidentiality of asylum applications and the information contained therein must be ensured at all times, except that the Refugee Appeals Authority may, on application and on conditions it deems fit, allow any person or the media to attend or report on its hearing if—

*(a)* the asylum seeker gives consent; or

*(b)* the Refugee Appeals Authority concludes that it is in the public interest to allow any person or the media to attend or report on its hearing, after taking into account all relevant factors, including—

(i) the interests of the asylum seeker in retaining confidentiality;

(ii) the need to protect the integrity of the asylum process;

(iii) the need to protect the identity and dignity of the asylum seeker;

(iv) whether the information is already in the public domain;

(v) the likely impact of the disclosure on the fairness of the proceedings and the rights of the asylum seeker; and

(vi) whether allowing any person or the media access to its proceedings or allowing the media to report thereon would pose a credible risk to the life or safety of the asylum seeker or of his or her family, friends or associates.''

.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 23 September 2015)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Vlugtelinge, 1998, ten einde 'n diskresie aan die Appèlowerheid oor Vlugtelinge te verleen om in gepaste gevalle aan die publiek en die media toegang tot sy verrigtinge te gee; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 21 van Wet 130 van 1998, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 33 van 2008**

**1.** Artikel 21 van die Wet op Vlugtelinge, 1998 (Wet No. 130 van 1998) (hierna ''die Hoofwet'' genoem), word hiermee gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

''(5) Die vertroulikheid van asielaansoeke en die inligting daarin vervat moet ten alle tye verseker word, behalwe dat die Appèlowerheid oor Vlugtelinge op aansoek en onder voorwaardes wat dit as gepas beskou, enige persoon of die media mag toelaat om 'n verhoor by te woon of daaroor verslag te doen indien—

*(a)* die asielversoeker toestemming verleen; of

*(b)* die Appèlowerheid oor Vlugtelinge tot die gevolgtrekking kom dat dit in die openbare belang is om enige persoon of die media toe te laat om 'n verhoor by te woon of daaroor verslag te doen, nadat alle tersaaklike faktore in aanmerking geneem is, met inbegrip van—

(i) die belange van die asielversoeker ter behoud van vertroulikheid;

(ii) die behoefte om die integriteit van die asielproses te beskerm;

(iii) die behoefte om die identiteit en waardigheid van die asielversoeker te beskerm;

(iv) of die inligting reeds in die openbare domein is;

(v) die moontlike inslag van die bekendmaking op die billikheid van die verrigtinge en die regte van die asielversoeker; en

(vi) of deur toe te laat dat enige persoon of die media toegang tot die verrigtinge het of die media toe laat om daaroor verslag te doen, dit 'n geloofwaardige risiko inhou vir die lewe of veiligheid van die asielversoeker of sy of haar gesin, vriende of genote.''.

## Transitional provision

**2.** The reference to ''Refugee Appeals Authority'' in section 21(5) of the principal Act as amended by section 1 of this Act must be construed as a reference to the ''Refugee Appeal Board'' as provided for in the principal Act until such time that section 11 of the Refugees Amendment Act, 2008 (Act No. 33 of 2008), comes into operation.

## Short title and commencement

**3.** This Act is called the Refugees Amendment Act, 2015, and comes into operation on 27 September 2015.

**Oorgangsbepaling**

**2.** Die verwysing na ''Appèlowerheid oor Vlugtelinge'' in artikel 21(5) van die Hoofwet soos gewysig deur artikel 1 van hierdie Wet moet vertolk word as 'n verwysing na die ''Appèlraad oor Vlugtelinge'' soos voor voorsiening gemaak in die Hoofwet totdat artikel 11 van die Wysigingswet op Vlugtelinge, 2008 (Wet No. 33 van 2008), in werking tree.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Vlugtelinge, 2015, en tree op 27 September 2015 in werking.